

13.13 RAPPORT 3 – DEPUTATE VAN PRE-ADVIES VIR FINANSIES (Artt 216, 261)

- A. Ds PJ Nel lewer die Rapport.
- B. **Besluit:** Punt 3.1 word verwys na die Kommissie vir Finansies.
- C. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

D. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Jaarliks die Finansiële State te ontvang en na te gaan en terugvoering aan kerke te verskaf (Acta 2012:64, 6.1).
- 1.2 Nadat finansiële state en Agenda van die Algemene Sinode by Streeksinodes beskikbaar is, solank begin om die state te behandel en 'n aanbeveling aan die Sinode te maak asook aanbevelings oor finansiële sake (Acta 2012:64, 6.2).
- 1.3 Oorweging word daaraan gegee dat elektronies vergader word. Verwys na die Kommissie vir die Benoeming van Deputate (Acta 2012:64, 6.3).
Die motivering vir die aanwys van die Deputate van Pre-advies vir Finansies, is die volgende: *'Die Kommissie van Finansies by die Sinodes het nie genoegsame tyd om die Rapporte vroegtydig in die Sinode beskikbaar te stel nie. Spoediger afhandeling van Finansiële Rapporte sal die Sinodesitting baie bevoordeel'* (Acta 2012:64).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Oor Opdrag 1 2.1 en 3 – afgehandel in die Eerste en Tweede Rapport van Deputate vir Pre-Advies Finansies.
- 2.2 Hierdie opdrag is so wyd soos die Algemene Sinode se Agenda. Die Deputate het nog nie die Aanvullende Agende tot ons beskikking nie. Die Agenda is deeglik deurgewerk.
- 2.3 Werkswyse
 - 2.3.1 Die hele Agenda is verdeel met die doel om vas te stel waar daar Finansiële Sake ter sprake is.
 - 2.3.2 'n Samevatting is gemaak oor alle finansiële sake in die Agenda. Hierdie dokument is tot beskikking van die Sinode se Finansiële Kommissie.
 - 2.3.3 Daar is deurlopend met die Administratiewe Buro se Finansiële Bestuurder beraadslag.
- 2.4 Bevinding
 - 2.4.1 Geen Deputategroep het die versoek van die Administratiewe Buro oor die finansiële implikasies, in hul Rapport apart ingevoeg nie.
 - 2.4.1.1 Die versoek was dat daar by die Sake waaroor die Sinode moet besluit, 'n aparte bestaande punt ingevoeg word: **Finansiële implikasies/begrotings** – *moet waar van toepassing saam met aanbevelings daaroor in die Rapporte opgeneem word.*
 - 2.4.1.2 Die versoek kan nog verder geneem word: Dat elke Deputategroep 'n samevatting gee oor alle finansiële implikasies van die Deputategroep. Bv Deputate Ekumenies – uit al die verskillende Rapporte kan 'n samevatting gemaak word oor die finansiële implikasies.
 - 2.4.1.3 Verder kan elke Deputategroep ook vermeld dat hulle reeds die begroting in oorlegpleging met die Administratiewe Buro uitgeklaar.
 - 2.4.2 Die Deputate het geen spesifieke saak om te vermeld nie.
 - 2.4.3 Elke Deputategroep het in samewerking met die Administratiewe Buro se Finansiële Bestuurder 'n begroting opgestel. Die Deputate se taak is nie om enige bedrae vermeld in die Rapporte, te bespreek of goed te keur nie. Dit is die taak van die Administratiewe Buro om alle finansiële sake binne die begroting wat jaarliks opgestel word, te hanteer.

- 2.4.4 Ons bevinding is dat die begrotingsbestuur tussen die Administratiewe Buro en die Deputategroep, baie deeglik gedoen word. Ons is baie dankbaar vir die deeglike dienswerk van die Administratiewe Buro hiermee.
- 2.4.5 Die Sinode se taak is om oor elke saak op die Agenda wat die finansies van die GKSA raak, te bespreek en 'n besluit te neem. Tydens die bespreking van elke punt kan die Deputate en die Sinode se Finansiële Kommissie insette lewer. Die Sinode neem dan die besluit en gee die opdrag aan die Administratiewe Buro. Slegs wanneer daar onsekerheid oor iets is, word dit verwys na die Sinode se Finansiële Kommissie.
- 2.4.6 Wat die kollekte betref. Geen nuwe kollekte word aangevra nie. In die Rapport van die Administratiewe Buro word rapport gelewer oor die kollekte van die afgelope termyn. Die Sinode kan waar reeds 'n kollekte bestaan weer gevra word en tydens die bespreking 'n besluit neem.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.6 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

- 3.1 Die Sinode se Finansiële Kommissie formuleer die benoemde Deputate Pre-Advies Finansies, se opdragte oor die Finansiële State en maak aanbevelings aan die Sinode.

Besluit: Punt 3.1 word verwys na die Kommissie vir Finansies.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Rapport 3 – Deputate van Pre-advies vir finansies, pt 3.1. Opdrag aan die Deputate Pre-Advies.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die Deputate Pre-Advies Finansies het by die vorige Sinode bepaalde opdragte ontvang om die afhandeling van finansiële state te bespoedig en sodoende die Sinode te bevoordeel.
- 2.2 Hierdie werkswyse het inderdaad Sinode 2015 bevoordeel.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

- 3.1 Deputate Pre-Advies word aangewys.
- 3.2 Die Deputate Pre-Advies ontvang jaarliks die Finansiële State en gee terugvoering aan kerke.
- 3.3 Dat die Deputate nadat finansiële state en die Agenda van die Algemene Sinode by Streeksinodes beskikbaar is, sowel die state as die finansiële implikasies in die verskillende Deputaterapporte behandel en aanbevelings aan die Sinode maak.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.